Christelike Biblioteek

# Die Reformasie:
# ’n Historiese Oorsig en Toepassing

Een-en-dertig Oktober is die herdenking van ’n gebeure wat, hoewel dit destyds oënskynlik van weinig betekenis was, geblyk het die groot beweegkrag te wees vir ’n hervormingsbeweging wat die loop van die geskiedenis sou verander; nie net dié van ’n kerk nie, maar van die hele Westerse kultuur. Die hervormingsbeweging het bekend geword as die Protestantse Reformasie. Die gebeure wat vandeesmaand bykans 500 jaar gelede plaasgevind het, was ’n eenvoudige uitnodiging deur ’n Augustyner monnik om vyf-en-negentig stellings oor die leer te debatteer.



Toegegee, hierdie inleiding sal nie die belangstelling van almal prikkel nie! Om die waarheid te sê, die meeste mense stel vandag nie in die Reformasie belang nie. Die meeste keur dit af of beskou dit as irrelevant. Laat ons dan voor ons verder gaan hierdie twee probleme aanspreek.

Volgens die *Catholic Encyclopedia* het die Reformasie, oënskynlik ‘*gerig op ’n interne vernuwing van die Kerk, in werklikheid gelei tot ’n groot opstand daarteen, en die verlating van die belangrikste Christelike geloofsoortuigings.*’ Klaarblyklik vier nie almal vanjaar die Protestantse Reformasie nie en baie beskou die Reformasie in terme van die onvriendelikheid waarna sopas verwys is. Maar was die Reformasie werklik ’n opstand teen die kerk, of was dit ’n oproep om die apostoliese Christendom waarop die kerk gebou is, terug te vind?

Die tweede probleem hou verband met die relevansie van die Reformasie. Wat het ’n 500 jaar oue gebeurtenis met ons te doen? Laat my toe om drie redes voor te stel waarom die Reformasie bestudeer behoort te word.




- Die eerste is doksologies, met ander woorde ons wil die Here dank vir sy werk in die geskiedenis. Dit is vir ons goed om sy voortgaande werk in die kerk te ondersoek en te gedenk.
- Tweedens is hierdie studie opvoedkundig; dit wil sê ons bestudeer die Reformasie om te leer oor ons erfenis. Net ’n dwaas lewe asof wysheid met hom begin het. In Spreuke 1:8 vermaan God ons om te luister na die onderrig van ons vaders. Hy praat hier uitdruklik van ons biologiese vaders, maar wees verseker, ons geestelike vaders het ook vir ons veel te sê.
- Laastens het hierdie studie *ervaringsinhoud.* Met ander woorde, hoe vergelyk jou ervaring met die beginsels van die Reformasie? As ons glo dat ons uit die geskiedenis kan en moet leer, dan moet ons die geskiedenis ook toelaat om óns te toets. Hoe moet ek en jy ’n persoonlike reformasie ondergaan?

## Die agtergrond van die Reformasie

Daar is verskeie belangrike faktore wat ons kan help om die raamwerk van die Reformasie-gebeure te stel.

### *Die Middeleeuse lewe in die algemeen*

Eerstens was die fisiese omstandighede in die Middeleeue haglik. Een vyftiende-eeuse man het dit soos volg beskryf: "*O miserabele en baie treurige lewe! Ons ly onder oorloë, dood en hongersnood; koue en hitte put ons kragte dag en nag uit; vlooie, skurfmiete en soveel ander goggas voer oorlog teen ons. Here, wees ons, bose mense wie se lewe baie kort is, tog genadig.*"

Geestelike welsyn was ewe armsalig. Middeleeuse mense is gedurig herinner dat hulle op 'n ontmoeting met die dood, en dus die hemel of die hel, afpyl. Ironies genoeg is hulle nie deur die kerk op hierdie onvermydelikheid voorberei nie. Eerder as om gekwelde siele op die voltooide werk van Christus te wys, het die geestelikes hulle gemeentelede aangemoedig om te "doen wat binne julle vermoë is." Gekonfronteer met die maatstaf van die heiligheid van God vir hulle redding en die skrale bronne van hulle eie onvermoë om daardie standaard te haal, het die desperate siele hoop verloor.

Die staatskerk was in 'n krisis omdat dit toenemend nie daarin kon slaag om in ooreenstemming te wees met die kerk wat op die fondament Jesus Christus gebou is, en waarvan die apostels en hulle volgelinge die voorbeeld gestel het nie.

### *Probleme in die kerk*

Reeds in die twaalfde eeu het God manne soos Peter Waldo, John Wycliffe en Johannes Hus (wat vir sy oortuigings lewendig verbrand is), begin oproep om Middeleeuse kerkdwalings aan te veg. Hervormingspogings het helaas misluk en in die sestiende eeu het kerkhervormers voortgegaan om te fokus op noodsaaklike verandering, veral op die volgende terreine.

- Eerstens was daar gebrek aan pastorale leierskap. Die *Catholic Encyclopedia* verduidelik: '*Die vernaamste oogmerk van die geestelikheid – om die mens na sy ewige bestemming te lei – het selde hulle aandag gekry en wêreldlike aktiwiteite het die vernaamste belang geword. Pastorale sorg het grootliks op die agtergrond beland*'.[1] Hele geslagte het onkundig gebly oor die versoenende krag van die evangelie.



- Tweedens was daar die verheffing van die kloosterlewe (die gedagte dat godsdiens beteken om onsself van die res van die wêreld af te skei), wat die betekenis van die belewing van die Christendom deur gewone mense in die gewone lewe, ondergrawe het.
- Derdens was daar oormatige klem op die heiliges en Maria, wat, so word beweer, geneig was om die enige heerlikheid van Christus te minimaliseer.
- In die vierde plek is daar onbehoorlike eerbetoon aan tradisie, wat in praktyk gelei het tot verwaarlosing van die Skrif.
- In die vyfde plek het die kerk die erediens van haar lidmate van wieg tot graf beheer deur gebruik van 'n sakramentele sisteem waarin kerkleiers die godsdienshandelinge namens die lidmate verrig het. Hierdie sakramentalisme het suiwer, eenvoudige evangelieprediking wat

vryheid van opregte diens aan God in die daaglikse lewe kon bevorder, vir alle praktiese doeleindes versmoor.

- In die sesde plek het Rome aangedring dat die mens geregverdig (aanvaarbaar vir God gemaak) word deur geloof in die werk van Christus aan die kruis én daarby deur die werke van die mens self. Dit was, volgens die Hervormers, ’n direkte negering van die hart van die Christendom self, en maak die genadige en soewereine verlossingswerk van God tot niet.

- In die sewende plek (die probleem wat hervorming die meeste aangespoor het) was daar die pouslike stelsel van die aflaat. Aflaat, sê die *Catholic Encyclopedia*, is “*die tydelike kwytskelding van straf vir sonde ... wat deur die kerk verleen word...*”[2] Aflaat kon op verskeie maniere verkry word, maar wat die woede van die Hervormers die meeste aangeblaas het, was die verkoop daarvan deur smouse. Vergiffenis het die hart verbygegaan, direk in die beursie in. Meer as ander, was hierdie misbruik dié vonk vir die Reformasie.

Op 31 Oktober 1517 het Martin Luther (die Augustyner monnik waarna hierbo verwys is) na die kerk in Wittenberg, Duitsland, gegaan en met ’n paar spykers ’n stuk papier teen die deur van die kerk vasgehamer met ’n geluid wat om die wêreld gehoor sou word.

## Die vonk van die Reformasie

Op 31 Oktober 1517 het Martin Luther (die Augustyner monnik waarna hierbo verwys is) na die kerk in Wittenberg, Duitsland, gegaan en met ’n paar spykers ’n stuk papier teen die deur van die kerk vasgehamer met ’n geluid wat om die wêreld gehoor sou word. Op die papier was vyf en negentig tesisse of stellings geskryf. Aanvanklik het Luther bloot ’n debat gevra oor die kwessie van misbruik van die aflaat, nie die gebruik as sulks nie, maar sy versoek is geweier. Die Roomse kerk het daarenteen sy teoloë uitgestuur om sy eie amptelike posisie te versterk en Luther oor sy “kettery” aan te val. Hy is uit die kerk geban en sy lewe word bedreig.

Luther het nie teruggekrabbel nie. Hy het voortgegaan om teen die misbruike te skryf, steeds met die bedoeling om die Rooms Katolieke kerk te hervorm. Na baie teëstand het Luther egter ’n boek gepubliseer met die titel *Die Babiloniese Gevangenskap van die Kerk*. Na hy dié vertoog gelees het, het die Nederlandse geleerde, Erasmus, ’n tydgenoot van Luther, voorspel dat “*die breuk onherstelbaar*” is. Dit het geblyk dat sy voorspelling waar was. Die Reformasie sou bly versprei, hoewel nie vanuit die staatskerk nie, maar van buite.

Die Reformasie sou bly versprei, hoewel nie vanuit die staatskerk nie, maar van buite.


## Die verspreiding van die Reformasie

Die oproep vir kerkhervorming het deur die land versprei hoofsaaklik deur geskrifte en prediking. Terwyl Luther voortgegaan het om teen die wangebruike te skryf, is ander geïnspireer en het die beweging laat voortbeweeg.

Teen die 1530’s het die Reformasie in twee verdeel: die Lutherse (meer beskeie in hulle hervormingspogings) en die gereformeerde (meer sterk in) hervorming. Die laasgenoemde groep is verteenwoordig deur Ulrich Zwingli, Heinrich Bullinger en Johannes Calvyn (wat maar agt jaar oud was tydens die opkoms van die Reformasie), wat almal in Switserland werksaam was.

Die Reformasie het hoofsaaklik vanuit die tuiste van Calvyn in Genève, Switserland, versprei na die laaglande van Duitsland en Holland en ook na die Britse Eilande, waar dit lewendige uitdrukking gevind het in die Engelse, Nederlandse en Skotse Puritanisme. Calvinisme, soos die Gereformeerde geloof soms genoem word, is na Amerika gebring deur die Engelse "pilgrims" en deur latere Europese immigrante. Na skatting was twee derdes van die Amerikaanse bevolking reeds, ten minste nominaal, Calviniste toe Amerika sy onafhanklikheid van Engeland verklaar het.

## Siklusse van die Reformasie



Ten spyte van die vroeëre lewendige Reformasie, het Gereformeerde leer en lewe afwaarts begin neig in die 1800's as gevolg van invloede soos Die Verligting in Europa en Die Herlewing in Amerika. In die twintigste eeu het die invloed van die liberalisme en die leer van Jacob Arminius (die Arminianisme) verder skade aan die Gereformeerde saak aangerig.

Vandag ervaar Calvinisme 'n herlewing. Vroeëre nie-gereformeerde kweekskole is besig om die gereformeerde leer te aanvaar. Gereformeerde boeke wat lank al uit druk is, word teen 'n groot tempo herdruk. Soos een skrywer dit stel: "*Calvinisme het 'n briljante toekoms, want dit bied soveel aan so baie met 'n nugter geloofslewe en warmhartige geestelikheid, wat, wanneer dit saamgevoeg word, dinamiese lewe na die huis, die kerk en die samelewing bring, tot eer van God.*"[3]

Die Hervorming het in die hart van Luther begin toe hy sy eie sondigheid in die gesig gestaar het.

## Die Oproep vir 'n Moderne Reformasie

Die Hervorming het in die hart van Luther begin toe hy sy eie sondigheid in die gesig gestaar het. Die staatskerk het geen remedie vir hierdie worsteling gehad nie. Só begin sy protes teen die mensgemaakte godsdienstige uitdrukkings wat geen van die suiwer openbarings van die genade van God bevat het nie. Kom ons volg die voorbeeld van Luther en ondersoek, as moderne Protestante, ons harte en ons lewens in die lig van drie Gereformeerde beginsels.

### *Sola Scriptura (Latyn 'Die Skrif alleen')*

In die tyd van die Reformasie het duisende Christene hulle lewens opgeoffer terwyl hulle die Bybel verdedig het. Hulle het nie soseer die reg om Bybels in hulle huise te hê, verdedig nie, maar 'n lewenswyse en -beskouing wat op die Bybel gegrond is en nie op die tradisies van mense nie.

Rig ons ons lewe rondom en op die Woord van God met dieselfde intensiteit as de Hervormers? Verdieping in die Christen se lewe kom net tereg as die Gees in ons harte werk met sy gekose werktuig – die Bybel. Lees ons die Bybel individueel én as gesin? Aanbid ons in 'n kerk waar die Skrif – nie mense nie – die finale gesag is?



### *Christenskap as Praktiese Godsdiens*

Waar beoefen ons ons Christenskap? Baie mense leef onder die foutiewe indruk dat die hoogste (of enigste) uitdrukking van ons godsdiens tot uiting kom in kerke waar, so word gedink, dit deur die geestelikes uitgevoer word.

Die Hervormers het ŉ hoë premie geplaas op kerkdienste, maar hulle eredienste was daarop ingestel om praktiese piëteit ook buite die erediens te bevorder. Vind jou godsdiens net in die kerk plaas? Of is jou geloof sterk genoeg om in die werklike lewe gebruik te word?

Hoe besorg is ons oor die eer van God?

## *Soli Deo Gloria (Latyn 'Eer aan God alleen')*

Hoe besorg is ons oor die eer van God? Die Hervormers was kragdadig in hulle werk, onder andere, omdat hulle passievol was oor God en sy Koninkryk. Waar lê jou passie? Die persoonlike koninkryke wat ek en jy mog bou aan rykdom, reputasie en persoonlike genoegdoening sal na ŉ paar geslagte nie meer daar wees nie.



Hoe verheerlik jy God? Luister saam met my na die antwoord wat deur ŉ moderne hervormer gegee word: Die Christen verheerlik God "*deur sy sondes teenoor God te bely en sy toevlug na Christus te neem vir vergiffenis en om die beeld van God in hom te herstel. Deur die drie-enige God as Skepper, Voorsiener en Verlosser te prys, te aanbid, al jou vreugde in Hom te vind en alles in sy hande oor te gee... Deur nederig, dankbaar en met blydskap voor God te wandel en toenemend aan die beeld van sy Seun gelykvormig te word. Deur die wil van die Woord van God te ken, lief te hê en uit te leef. Deur hemelsgerig te lewe is die verlange om vir ewig met God te wees*".[4]

Die heerlikheid van God is die Christen se grootste ambisie. Geen ander doel of begeerte kan daarteen opweeg nie. Om vir die heerlikheid van God te lewe was en sal altyd die hoogste doel en resultaat van enige hervorming wees.

Die heerlikheid van God is die Christen se grootste ambisie.

William Boekestein

© 2017
www.christelikemedia.org

*Hierdie artikel is deur Nic Grobler vertaal.*

---

[1] *Catholic Encyclopedia*, inskrywing "The Reformation". (www.catholic.org)

[2] *Catholic Encyclopedia*, inskrywing "Indulgences".

[3] Joel Beeke, *Living for God's Glory*, (Orlando: Reformation Trust), p. 12.

[4] Beeke, pp. 147, 148.